Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Richard van der Horst
Direktoraat: Assesseringsbestuur
Richard.vanderHorst@westerncape.gov.za | 021 467 2991

Lêerno.: 19/3/1
Verwysing: 20221006-7399

Omsendbrief: 0039/2022
Vervaldatum: 31 Desember 2022

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Kringbestuurders, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings in die Algemene Onderwys-en-opleidingsband

Kort opsomming: *Spesiale punte-aanpassing en kondonasiebedeling vir leerders in graad 4 tot 9.*

Onderwerp: Spesiale punte-aanpassing en kondonasiebedeling in 2022 vir leerders in graad 4 tot 9

1. Die Departement van Basiese Onderwys het Nasionale Assesseringsomsendbrief 05 van 2022, gedateer 05 Oktober 2022, uitgereik, waarin duidelikheid gegee word oor die toepassing van die spesiale punte-aanpassing en kondonasiebedeling in 2022 vir leerders in graad 4 tot 9.

2. Punte-aanpassings en kondonasies word as 'n spesiale stelsel gebruik om enige nadeel wat voortspruit uit die implementering van beleidsveranderinge en ander uitdagings wat eie aan daardie akademiese jaar mag wees, te hanteer. Weens die leerverliese wat gedurende 2022 in graad 4 tot 9 ervaar is en verband hou met die kumulatiewe uitwerking van die COVID 19-pandemie wat skoolonderrig in 2020 en 2021 ontwrig het, is die toepassing van hierdie spesiale kondonasiebedeling, soos in die vorige twee jaar, noodsaaklik.

3. Die punte-aanpassing en kondonasiebedeling vir 2022 is soos volg:

3.1 Punte-aanpassings geld slegs vir graad 4- tot 9-leerders.

3.2 'n Punte-aanpassing van hoogstens **5%** word toegelaat in 'n maksimum van enige **drie vakke** wat die leerder neem. Dit beteken dat 'n leerder 'n punt van tussen 1% en 5% van die

punt wat die leerder in 'n vak behaal het, kan kry as dit die nodige status aan die leerder sal verleen.

3.3 **Vervolgens** moet die kondonasie in Wiskunde toegepas word. As 'n leerder aan al die vereistes vir vordering (vir graad 4 tot 6) of bevordering (vir graad 7 tot 9) van een graad na die volgende voldoen het, maar **nie 'n vlak 3 (40%) of hoër in Wiskunde** behaal het nie en om hierdie rede teruggehou moet word, moet so 'n leerder in Wiskunde gekondoneer word.

3.4 Die kondonasie in **Wiskunde** is slegs van toepassing op graad 4- tot 9-leerders.

3.5 Sou leerders steeds, nadat aanpassings in die drie vakke en 'n kondonasie in Wiskunde gedoen is, nie aan die vorderingsriglyne vir graad 4 tot 6 voldoen nie, kan leerders steeds op grond van die prinsipaal en onderwysers by die skool se professionele oordeel **met ondersteuning vorder**.

3.6 Graad 9-leerders wat 'n Wiskunde-kondonasie verkry, het steeds die opsie om Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid in graad 10 te neem.

4. Punte-aanpassings en kondonasies is ook van toepassing op leerders in spesiale skole en vaardigheidskole wat tegniese of beroepsgerigte vakke neem.

5. Normale vorderingsbeginsels sal geld vir leerders wat reeds in die fase teruggehou is.

6. Skole wat die Wes-Kaapse Onderwysdepartement se opname- en verslagdoeningsprogramme vir graad 4 tot 9 gebruik, moet die volgende proses volg:

6.1 Alle skole **moet** die nuwe **weergawe 2**-programme, wat nou vir graad 4 tot 9 beskikbaar is, van SOBIS **aflaai** en dan die punte van hul bestaande lêers in die nuwe weergawe invoer.

6.2 Die aanpassings- en kondonasieproses sal volledig geoutomatiseer word sodra die pers knoppie op die skedule geklik word.

6.3 Die skedule, verifikasieblad en verslagkaart sal outomaties die veranderinge akkuraat vertoon.

7. Skole wat hul eie opname- en verslagdoeningsprogramme gebruik en leerders het wat deur hierdie spesiale punte-aanpassing en kondonasiebedeling geraak sal word, moet die proses teen die einde van die jaar voltooi. Raadpleeg die beskrywing van die proses in Nasionale Assesseringsomsendbrief 05 van 2022 (**Bylae A**) wat hierby aangeheg is.

8. Die bygewerkte skedule, aanpassings- en herhalingslyste, asook die verifikasieblad moet gedruk en aan die einde van die jaar by die kringbestuurder vir verifikasie ingedien word.

9. Die bovermelde kondonasiebedeling verander geensins die programvereistes of die algehele vordering/bevorderingsvereistes vir graad 4 tot 9, nie. Raadpleeg paragraaf 21 van die *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R tot 12*, soos gepubliseer in Staatskennisgewings 1115 en 1116 in *Staatskoerant* No. 36042 van 28 Desember 2012, waarin die vereistes gestipuleer word.

10. Let asseblief daarop dat die punte-aanpassing en kondonasiebedeling gedurende 2022 slegs op graad 4 tot 9 van toepassing is.

11. Prinsipale van skole wat graad 4 tot 9 aanbied, word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie omsendbrief met alle onderwysers te deel.

GETEKEN: B WALTERS
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2022-10-20